higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

(8011002)

8 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

430Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die Wet op die Verbod op Politieke Inmenging van 1968 het ten doel gehad om te keer dat rassegroepe met mekaar saamwerk vir politiese doeleindes.

1.2 Tuislande, wat algemeen as TBVC-state bekend was, was klein gebiede land waar swart Suid-Afrikaanse mense gedwing was om te bly.

1.3 Mense wat in tuislande gewoon het, het nie paspoorte nodig gehad om ander dele van Suid-Afrika binne te gaan nie.

1.4 Op 2 Mei 1999 het die regering en die ANC hulle eerste openingsgesprekke gehad waar albei kante gehoop het vir vrede en 'n einde van apartheid.

1.5 'n Slagting is 'n gebeurtenis waartydens baie mense gewelddadig doodgemaak word.

1.6 KODESA staan vir die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika.

1.7 'n Dooiepunt is 'n meningsverskil wat nie besleg kan word nie.

1.8 Daar is 'n wet in Suid-Afrika wat belangriker is as die grondwet.

1.9 Die grondwet bepaal dat daar 'n provinsiale lied 'n nasionale vlag en 11 amptelike tale moet wees.

1.10 Die tweede tak van die regering, die regbank, bestaan uit verskeie howe.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Nasionale Vergadering; provinsiale sfeer van die regering; positiewe regte; regering; deursigtigheid; hoof; munisipale raad; minister; openbare amptenare; responsiwiteit

2.1 … beteken om vinnig op ’n positiewe manier te reageer.

2.2 … beteken dat die regering se optrede oop en duidelik moet wees aan die mense van Suid-Afrika.

2.3 Die … moet die regte wat in die Handves van Regte vervat is, respekteer, beskerm en bevorder.

2.4 … vereis dat ander mense óf ’n produk óf ’n diens verskaf.

2.5 … is mense wat gekies is om die publiek in ’n regeringsdepartement te verteenwoordig.

2.6 Die … van die provinsiale wetgewer is die premier en ander lede van die Provinsiale Uitvoerende Raad (LUR’e) wat aan die provinsiale wetgewer moet rapporteer en daaraan inligting moet verskaf.

2.7 Die … het die mag om die grondwet te verander en nuwe wetgewing goed te keur of aan te neem.

2.8 Die wetgewer in die … word die provinsiale wetgewer genoem.

2.9 In die plaaslike sfeer van die regering word die wetgewer die … genoem.

2.10 In die nasionale sfeer van die regering mag slegs ’n …, ’n adjunkminister of ’n lid van die Nasionale Vergadering ’n wetsontwerp by die Nasionale Vergadering indien.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n item uit KOLOM B wat by ’n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Ooreenkoms wat deur ’n aantal lande gesluit word oor hoe om ’n spesifieke saak te hanteer	A	grondwet
3.2	Maak voorsiening vir regstellende aksie om die nalatenskap van diskriminasie in die verlede aan te pak	B	premier
3.3	Voorsitter van die kabinet	C	raadslede
3.4	Toe Suid-Afrika ’n demokratiese land geword het	D	president
3.5	Hoof van die provinsiale uitvoerende raad	E	Handves van Regte
3.6	Bepaal verskeie belangrike basiese waardes en beginsels vir staatsamptenare	F	konvensie
3.7	Verkose verteenwoordigers wat ’n politieke party verteenwoordig	G	1994
3.8	Vorm die derde tak van die regering	H	howe
3.9	Verantwoordelik vir alle geregtelike sake	I	hooggeregshof
3.10	Takke in al nege provinsies in Suid-Afrika	J	regbank

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die terme *menseregte* en *fundamentele vryhede*. (4 + 4) (8)

4.2 Verduidelik die sleutelkonsepte wat met die *wetgewer* en *wetgewing* verband hou. (7 + 5) (12)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

ONS DRINK VUIL WATER!

Aaron Dube

Hulle leef al vir twee lang jare sonder skoon water. Inwoners van die woonbuurte Phomolong en Suurman Ridge in Hammanskraal, Tshwane, het aan die *Daily Sun* vertel dat hulle gedwing is om water met diere te deel. Hulle sê dat hulle slegs water vanaf die dam in die gebied kry.

Woordvoerder vir die gemeenskap, Joseph Masego, sê dat tenkwaens water verkoop wat hulle nie kan bekostig nie. 'Ons ly. Hierdie tenkwaens is veronderstel om aan ons gratis water te voorsien, maar hulle verkoop dit aan die gemeenskap,' sê Joseph. Hy sê dat inwoners wat nie kan bekostig om water te koop nie, moet dit by die modderige dam gaan haal. 'Dit gebeur al vir 'n lang tyd. Ons kan nie ons gesondheid in gevaar stel nie," het hy gesê. "Ons wil nie hê ons gemeenskap en kinders moet siek word nie. Ons het skoon water nodig. Ons deel water met diere. Die water ruik sleg, want fekalieë vloei direk in die dam in. Ons verdien beter.'

Joseph sê dat hulle verskeie kere die saak aan die munisipaliteit gerapporteer het, maar niks is gedoen nie. 'As hulle nie die probleem volgende week regmaak nie, sal ons betoog totdat daar aan ons eise voldoen is,' sê hy. Waarnemende woordvoerder vir die burgermeester, Norman Mohale, het gesê dat die inwoners die saak aan die Streek 2-kantoor moet rapporteer of hulle raadslid moet kontak.

[Verwerk uit: *Daily Sun*]

5.1 Het die gemeenskap die reg om vir water te betoog? Staaf die antwoord. (3)

5.2 Verduidelik die term *menswaardigheid*. (3)

5.3 Verduidelik die term *omgewing* as 'n mensereg. (3)

5.4 Verduidelik die term *aanspreeklikheid*. (8)

5.5 Verduidelik elk van die volgende menseregte:

5.5.1 Gesondheidsorg (2)

5.5.2 Voedsel en water (1)

5.5.3 Maatskaplike sekerheid (1)

5.6 5.6.1 Kan die polisie die mense wat die water verkoop, in hegtenis neem? (1)

5.6.2 Kan 'n kriminele saak gemaak word? Staaf die antwoord. (2)

5.6.3 Watter saak kan gemaak word? (1)

5.7 Verduidelik die term *maatskaplike regte*. (5)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 6

6.1 Verduidelik elk van die volgende:

6.1.1 Die struktuur van die Konstitusionele Hof (5)

6.1.2 Die rol van die Konstitusionele Hof (5)

6.1.3 Die funksies van die Konstitusionele Hof (5)

6.2 Verduidelik die funksies van ’n tradisionele hof. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou